*Dinsdag* 20 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 43:1-16

Fokusgedeelte: Genesis 43:14

Die wysheid van die ouderdom

Moses bid: *"... Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart kan bekom ..."* (Ps. 90:12). Wyse oueres is 'n seën vir die jonges. Jakob het vir baie lank uit slimmigheid probeer leef – tot hy die Here ontmoet het by die Jabbok (Gen. 32:22-30). Daarna is hy deur diep waters met sy kinders. En nou, in sy ouderdom, is daar 'n nuwe krisis: sy geliefde Benjamin word geëis deur die harde onderkoning van Egipte. Op die ou end moet hy die onvermydelike aanvaar: *"Nou ja, as dit so is, moet julle dit maar doen"* (vs 11). Met wysheid hanteer hy die krisis (vs 11-13).

Maar daar kom twee belangriker dinge by. Eerstens: geloof. "God, die Almagtige, sal sorg ..." – 'n groter werklikheid as die sigbare. Dit kan bejaardes aan die ongeduldige en paniekerige jonges of selfgenoegsame "magtiges" oordra. Verder kom by: berusting: "... as ek dan my kinders moet verloor, moet ek hulle verloor." Jakob glo – en daarom het hy krag om selfs die verskriklikste moontlikheid te aanvaar. Later skryf Paulus daaroor: "Ons ... is maar kleipotte wat maklik breek, maar die krag wat alles oortref, kom van God ... ons is nie van God verlaat nie ... nie vernietig nie" (2 Kor 4:4-11).

Wat 'n vermorsing van 'n lang lewe as jy nie "...'n wyse hart ..." bekom het nie! Wat 'n skat wat jy aan die jonger geslag kan oordra as jy hulle kan wys wat "wysheid" eintlik is: om uit die krag van geloof en berusting te leef. Paulus beskryf die hart hiervan: "Aan God is dit te danke dat julle met Jesus Christus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom ..." (1 Kor. 1:30).

*Sing: Psalm 16-1:3, 4 ,5*

*Ds. DC (Chris) Coetsee (emeritus)*